



# BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

JULIE 2015 Nr 74

## IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

### Kepler-525b

Soos wat die wetenskap met nuwe inligting en ontdekkings na vore kom, word ons steeds uitgedaag om ons verstaan van God as die Skepper, ja, die begin en die einde, te bely.

So het NASA verlede Donderdagaand bevestig sy Kepler-sending het die eerste planeet opgespoor wat naby genoeg aan die aarde se grootte is én in 'n bewoonbare sone voorkom. 'n Bewoonbare sone beteken die planeet is nie te ver van sy ster sodat dit vries nie en ook nie te naby sodat dit 'n kokende massa is nie. Dit sou kon beteken dat vloeibare water op die oppervlak sou kon versamel, soos om riviere en oseane te vorm wat nodig is vir lewe.

Tog is die nuwe planeet – die 1030ste een wat die Kepler-ruimteteleskoop al bevestig het – die kleinste wat hy nog gesien het. Die planeet, Kepler-525b, het 'n deursnee wat 60% groter is as dié van die aarde. John Grunsfeld, assosiaat-administrateur van NASA se wetenskapsprogram, het gesê: "Dit bring ons 'n tree nader om die Aarde 2.0 te vind."

Kepler-525b se son is 6 miljard jaar oud, wat 1,5 miljard jaar ouer as die aarde se son is. Dié son is ook 20% helderder en sy deursnee is 10% groter. "Ons dink aan die planeet as 'n ouer, groter neef van die aarde en dit gee ons 'n kans om te besin oor die aarde se ontwikkelende omgewing," het Jon Jenkins, hoofnavorser van die sending, gesê. Hy het bygevoeg dit is asemrowend om te dink dié planeet was so lank in die son se bewoonbare sone, langer as die aarde. Dit is genoeg tyd vir lewe om na vore te kom, sou al die nodige bestanddele en voorwaardes vir lewe op die planeet bestaan." Daar is nog geen bewyse dat daar lewe op die planeet is nie. Indien 'n mens teen die spoed van lig na dié nuwe planeet sou reis, sou dit 1 400 jaar neem om daar te kom – in die konstellasie van die Swaan.

Ek het weer Psalm 8 gaan lees – het die skrywer nie dalk onwetend in vers 2 en 4 na "Kepler-525b" verwys nie?

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...  
Gerhard Botha



## VBO-VOETPAD

### SERTIFIKAAT IN BEDIENINGSVERNUWING

19 - 20 OKTOBER 2015

#### Herhaling van Module 4, Groep 1 & 2

**Tema:** *Mense (ons/ek) En waar pas ek (ons/mense) in, in God se storie? (Of hoe God dink oor mense...)*

**Plek:** UV, Teologie Gebou, K21 – Bloemfontein

**Tyd:** 09:00

**Aanbieder:** Ds Gys van Schoor

21 - 22 OKTOBER 2015

**Module 2, Groep 2 en lede van Groep 1** wat nie kon bywoon nie

**Tema:** *Gemeentes? Gemeentes – Waar is ons? Waar sou ons kon wees?*

**Plek:** UV, Teologie Gebou, K21 – Bloemfontein

**Tyd:** 09:00

**Aanbieder:** Prof Kobus Schoeman en dr Gerhard Botha

16 - 17 NOVEMBER 2015

#### Module 5, Groep 1 & 2

**Tema:** *Roeping Geroep vir bediening – en hoe die bediening vandag behoort te lyk*

Teken asseblief solank die datum aan. Verdere inligting sal volg.

**Registreeer: Indien daar persone is wat nie vir die Sertifikaat ingeskryf het nie, maar graag modules wil bywoon, is u baie welkom. SMS D20011, naam en eposadres na 31029**

### FRESH EXPRESSIONS

#### Uitnodiging aan alle Gemeentes/Ringe:

U is welkom om met Shepherd te skakel indien u meer inligting ten opsigte van *Fresh Expressions* verlang. Daar is drie fasiliteerders, naamlik Jean van Biljon, Hannes Els en Frans Oosthuizen wat bereid is om Gemeentes/Ringe te besoek en meer inligting te verskaf. Dit sal gemeentes in staat stel om 'n ingeligte besluit ten opsigte van hulle verbintenis tot *Fresh Expressions* te neem.

Ons hoor graag van u.



Like ons op Facebook:  
*Shepherd Centre UFS*

NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.